# Geeste

# Van die

# Dooies

JOE CREWS

Praat &

Hoor Hulle?

Kopiereg © 2003 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# Geeste

## Van die

# Dooies

Joe Crews

Praat & Hoor Hulle?


1. PRAAT & HOOR HULLE? ……………………………………………………
2. DIE SIEL KAN STERF …………………………………………………………
3. DIE GEES KEER TERUG NA GOD …………………………………….
4. WANNEER WORD DIE
   REGVERDIGES BELOON? ……………………………………….
5. DIE DOOD IS 'N SLAAP …………………………………………………….
6. KEER DIE DOOIES OOIT TERUG? …………………………………
7. STRAF & BELONINGS
   MET DIE OPSTANDING ………………………………………
8. DIE DIEF AAN DIE KRUIS …………………………………………….

EEN

## Praat en Hoor Hulle?

Alexander Bogomoletz, 'n Russiese wetenskaplike, het op 'n keer gesê dat 'n man behoort te leef tot die ouderdom van ten minste 150 jaar. Hy het inderdaad 'n serum voorberei wat daarop gemik was om die verouderingsproses van die konnektiewe weefsels van die liggaam te vertraag. Ongelukkig het die geleerde doktor op die ouderdom van 64 gesterf, 86 jaar kort van die doel wat hy vir homself en vir die hele mensdom gestel het. En ons verstaan nog steeds nie die geheimenisse van die lewe en die dood nie.

Niemand het tot dusver die fontein van jeug ontdek nie en niemand het al deur die sluier van die dood gegaan en teruggekeer om vir ons te vertel hoe dit aan die ander kant lyk nie. Die enigste betroubare inligting wat ons oor hierdie onderwerp het, word in die groot boek van God, die Bybel, gevind. Hier word die antwoorde ontvou op vrae wat die harte van mans en vrouens deur die eeue heen reeds kwel. Soos wat dit deur die onsekerheid van menslike emosies en bygelowigheid dring, sal dit bevredigende berusting bring vir diegene wat die toekoms vrees en wat wonder wat met die siel gebeur vyf minute na die dood.

Ter inleiding van hierdie onderwerp, moet ons die antwoord op een groot, basiese vraag vind. Indien ons dit korrek kan beantwoord, sal al die ander vrae oor die dood en

die siel soos blomme in die son oopgaan. Die werklike belangrike vraagstuk is dit: Watter soort aangebore geaardheid besit die mens? Hoe het God hom geskape? Besit hy 'n sterflike of onsterflike geaardheid? Volgens die woordeboek, beteken die woord "sterflik" "onderworpe aan die dood," en die woord "onsterflik" beteken "nie onderworpe aan die dood nie." Eenvoudig gestel, vra ons dus of God die mens met 'n sterflike geaardheid geskape het, of met die krag van 'n ewige lewe.

Die antwoord op hierdie belangrike vraag word gevind in Job 4:17, "Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker?" Daar is die woord waarna ons gesoek het! Die mens is sterflik. Hy is onderworpe aan die dood. God het hom nie sonder die kapasiteit om agteruit te gaan en te sterf gemaak nie. Die feit is dat slegs God daardie inherente krag van ewige bestaan het. Hy is onsterflik. En wanneer daardie woord in die Bybel gebruik word, verwys dit na God. "Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen." (1 Timotheus 1:17).

Die menslike familie was nie toegerus met 'n natuurlike onsterflikheid nie. Die Woord van God verseker ons dat God alleen daardie soort geaardheid het. Hy is die gewer van lewe, die groot bron van alle bestaan. Uit Hom het elke ander lewe in die heelal ontstaan. "Die Koning van die konings en Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig

bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen." (1 Timotheus 6:15,16).

Op hierdie tydstip kan iemand dalk 'n ander vraag oor die onderwerp van onsterflikheid opper. Is dit moontlik dat die mens 'n sterflike liggaam maar 'n onsterflike siel het wat in die tabernakel van die vlees leef? Miskien is die "werklike" persoon gladnie die liggaam nie, maar die onsterflike siel-entiteit wat binne in die sterflike liggaam leef. Ons hoef nie verward te wees oor hierdie punt nie, omdat dit bondig deur 'n aantal Bybeltekse beslis word.

## TWEE
## Die Siel Kan Sterf

God het deur die profeet gesê, "Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun – hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe." (Esegiël 18:4). Dit bevestig definitief dat die siel beslis nie onsterflik van aard is nie, want dan sou dit nie die dood kon ervaar nie. Aangesien die woord "onsterflik" beteken "nie onderworpe aan die dood nie," kan daar geen vraag wees omtrent die dood van 'n siel wat 'n aangebore onsterflikheid besit nie. Ten minste tien ander tekse bevestig presies dieselfde: die siel is nie van nature onsterflik nie.

Jesus, die groot Meester Onderwyser, het in Mattheus 10:28 verklaar dat die siel kan sterf. "En moenie vrees vir die

wat die liggaam doodmaak … maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." Deur hierdie duidelik stelling, plaas Christus die saak bo alle twyfel. Die siel kan sterf en sal sterf in die vuur van die hel. Dus kan dit nie van nature onsterflik wees nie.

Dit is vir baie mense 'n skok. Die tradisionele sienswyse was presies die teenoorgestelde hiervan. Hoe ontstellend is dit om te leer dat in al die 1,700 plekke waar die woorde "siel" en "gees" in die Bybel voorkom, word daar nie eenkeer na hulle verwys as onsterflik of dat dit nie kan sterf nie.

Waar het die leerstelling dan vandaan gekom? Die meeste van ons het van ons vroegste kinderjare gehoor van die "siel wat nooit sterf nie." Een ding is seker: dit het nie in die Skrifte ontstaan nie. Die waarheid is dat dit direk van heidense tradisie en mitologie gekom het. Die antieke Chinese voorvader-aanbidding was gegrond in die geloof dat die siel nie sterf nie. Egiptiese piramide hiërogliewe openbaar dat die leerstelling van 'n natuurlike onsterflike siel gegrond was op hulle aanbidding van die songod. In Indië, waar ek vir jare gewoon het, glo die Hindoes in reïnkarnasie en sielsverhuising van die siel. "Donker Afrika" toordery word gebaseer op die konsep van 'n onsterflike siel.

Daar is nie een teks in die Christelike Bybel wat so 'n leerstelling ondersteun nie; nietemin sê die Woord vir ons hoe die leerstelling begin het en wie die eerste preek oor die onderwerp gepreek het. Lees Genesis 3:1-4, "Maar die slang

was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie."

Let asseblief daarop dat iemand nie met God saamgestem het nie. Die Skepper het verklaar dat sonde die dood sou bring, maar Satan het die teenoorgestelde gesê: Julle sal gewis nie sterwe nie." Dit was die eerste leuen wat vertel was om die mens te verlei, en die een wat dit vertel het, probeer sedertdien om dit in stand te hou. Daardie oorspronklike preek oor natuurlike onsterflikheid is dikwels deur die jare herhaal, deur predikers en teoloë wat van beter behoort te weet. 'n Paar jaar gelede het *Reader's Digest* 'n artikel gepubliseer getiteld "Daar Is Geen Dood Nie," geskryf deur een van Amerika se populêrste Protestantse predikante. Die groot prediker het presies dieselfde gesê as wat die groot verleier vir Eva gesê het, "Jy gaan nie regtig dood nie. Dit kan soos die dood lyk, maar jy sal in werklikheid aanhou leef en daarna meer weet as wat jy voorheen geweet het."

Kan so 'n leerstelling gevaarlik wees? Inderdaad, dit bestaan uit meer as slegs die verkondiging van 'n valse stelling. Die implikasies van hierdie sataniese leerstelling is verreikend

met ewige gevolge. Miljoene sal verlore gaan omdat hulle nie die waarheid oor die geaardheid van die mens verstaan nie. Misleiding hieroor open 'n deur wat die lewe met duisternis en duiwelse beheer kan oorweldig. Die enigste beskerming wat ons ooit sal hê teen hierdie verraderlike gevaar, is om die waarheid oor die dood en die siel te ken.

## DRIE
## Die Gees Keer Terug Na God

Die duidelikste en mees kriptiese geïnspireerde definisie van die dood was deur Salomo geskryf: "En die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God teruggekeer wat dit gegee het." (Prediker 12:7).

Onmiddellik word ons getref deur die woord "terugkeer." Na die dood lyk dit asof alles teruggaan na waar dit vandaan gekom het. Die stof keer na die aarde terug waaruit dit geneem was, en die gees keer terug na God wat dit gegee het. Die dood is net die teenoorgestelde van die skepping.

Dit is maklik vir ons om 'n prentjie te skets van die proses van die verval en ontbinding van die liggaam. Ons verstaan baie goed dat die fisiese komponente van die liggaam ooreenstem met die van die aarde. Wanneer dit begrawe word, keer die liggaam terug na die chemiese elemente van die grond waaruit die Skepper dit in die begin geneem het.

Maar wat van die gees wat na God terugkeer? Dit is nie

so maklik om te verstaan nie. Daar is niemand op aarde wat dit met menslike wysheid kan verduidelik nie. Nietemin, werp baie tekse in die Bybel lig op hierdie kritieke punt. Jakobus het geskryf, "Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood." (Jakobus 2:26). Die woord "gees" het 'n kantlyn verwysing wat lees, "of asem." Dit is baie belangrik. Die Griekse woord is *pneuma*, 'n woord wat "asem" of "lug" beteken. Die Engelse woord "pneumonia" is van *pneuma* afgelei omdat dit 'n siekte van die longe is, of van die asemhalingstelsel. Ons het lugbande (in Engels "pneumatic tyres"), wat ook van *pneuma* afgelei is, omdat hulle lug in het. Daardie selfde Griekse woord *pneuma* het ook 'n ander betekenis, naamlik "gees." Byvoorbeeld, die Griekse term vir "Heilige Gees" is *hagios pneumatos*, "Heilige Asem" of "Heilige Gees."

Dit lei ons na 'n baie interessante gevolgtrekking. Die woorde "asem" en "gees" word dikwels afwisselend in die Bybel gebruik. Job het gesê, "want my asem is nog heeltemal in my, en die lewensasem van God is in my neus." (Job 27:3). Dit verg nie eintlik 'n hoë peil van intelligensie om te besef dat Job dieselfde ding beskryf deur die woorde "asem" en "gees". Die mens het slegs asem in sy neus. Dit is inderwaarheid wat God in die mens se neus ingeblaas het tydens die skepping. "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword." (Genesis 2:7).

Nou begin die prentjie duidelik word. Toe Salomo die gees beskryf het wat na God terugkeer, moes hy na die asem verwys het, want dit was wat God in die begin gegee het, en daarom is dit die enigste iets wat na die Een wat dit gegee het, kan "terugkeer." Die kantlyn nota vir Genesis 7:22 verwys na die asem van die lewe as "die asem van die gees van die lewe."

Die psalmis beskryf die dood met hierdie woorde, "U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof. U stuur u Gees uit, hulle word geskape." (Psalm 104:29,30). Hier is die volgorde omgeruil en hulle asem keer by die dood na God terug. Salomo het gesê dat die gees terugkeer. Hier gee God die gees om te skep, maar Genesis sê Hy het die asem gegee om te skep. Dit maak slegs sin wanneer ons verstaan dat die twee woorde afwisselend gebruik word en dieselfde beteken.

Neem asseblief kennis dat hierdie "gees van lewe" nie noodwendig dieselfde as die Heilige Gees is nie, en die "asem van die lewe" is ook nie dieselfde as die gewone asem wat ons inasem nie. Hierdie asem of gees is die spesiale, lewegewende krag van God wat die liggaam 'n funksionerende organisme maak. Lees weer Genesis 2:7, en probeer om die skeppingsdaad te visualiseer. "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde." Ons het geen probleem hiermee nie. Ons kan daardie dooie liggaam sien, volmaak gevorm met al die elemente wat nodig is vir lewe. Daar is egter geen lewe nie. Die hart het nie geklop nie. Die bloed

was daar, maar dit het nie gevloei nie. Die brein was daar, maar dit het nie gedink nie.

Toe het God nog een ding bygevoeg by die liggaam wat Hy gemaak het. Hy het "in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword." (Genesis 2:7). Moenie die belangrikheid van hierdie woorde miskyk nie – hulle word dikwels misverstaan. God het nie 'n siel in die liggaam geplaas nie. Hy het slegs een ding bygevoeg – asem of gees. Toe, as gevolg van die liggaam en die asem wat een geword het, het die mens 'n siel GEWORD.

Miljoene aanvaar die valse, tradisionele siening dat God 'n siel in die menslike liggaam geplaas het met die skepping. Dit is gebaseer slegs op die algemene, foutiewe leerstelling van alle nie-Christen godsdienste. In die Bybel, behalwe in poëtiese of allegoriese gebruik, gaan die siel nie in en uit die liggaam nie, en dit het ook nie 'n onafhanklike bestaan buite die liggaam nie. Omdat die Griekse woord *psuche,* wat "lewe" beteken, soms as "siel" in die *King James Uitgawe* vertaal is, het sommige tot die verkeerde gevolgtrekkings gekom, maar slegs omdat hulle 'n valse definisie aan die woord "siel" toeken. Miljoene is geleer dat die siel natuurlike onsterflikheid besit, en elke keer as hulle die woord lees of hoor, aanvaar hulle iets wat heeltemal vals en onbybels is. Daar word selfs nie eenkeer in die Bybel na die siel verwys as onsterflik of dat dit nie kan sterf nie.

Die feit is, die siel is die bewuste lewe wat gevolg het toe

God die asem of gees by die liggaam gevoeg het. 'n Eenvoudige illustrasie sal ons help om hierdie waarheid duideliker te verstaan. Kom ons vergelyk die liggaam met 'n gloeilampie. Die elektriese stroom wat in die gloeilampie invloei, verteenwoordig die asem van die lewe wat God in die liggaam plaas, en die lig self verteenwoordig die siel wat die mens geword het nadat die asem by die liggaam gevoeg was. Wanneer ons na die skynende lig kyk, sien ons 'n volmaakte voorstelling van die voltooide skepping. Nou druk ons die skakelaar en skakel die lig af. Wat het gebeur? Die stroom het die gloeilamp verlaat net soos wat die asem die liggaam by die dood verlaat. Waar is die lig nou? Het dit in die elektriese sok ingegaan? Nee, dit het eenvoudig opgehou om te bestaan toe die stroom van die gloeilampie geskei is. Laat ons dus nou vra, waar is die siel wanneer die asem van die liggaam geskei word? Daar is eenvoudig geen siel tot met die opstanding nie, wanneer God die asem van die lewe weer aan die liggaam teruggee.

Dit behoort nie vir ons so vreemd te klink nie, noudat ons ontdek het hoe alles by die dood "terugkeer" na hoe dit voorheen was nie. Voor die skepping, het die mens nie in een of ander liggaamlose vorm bestaan nie. Daar was geen persoonlikheid, geen bewuste emosies voordat God die asem by die liggaam gevoeg het nie. Op daardie oomblik het die mens "'n lewende siel geword." Indien die siel ontstaan het as gevolg van daardie samevoeging, wanneer hou die siel dan op om te

bestaan? Beslis as gevolg van die verbreking van daardie samevoeging.

Veronderstel dat ons twee goed voor ons het: planke en spykers. Ons neem 'n hamer en kap die spykers in die planke en maak 'n kas. Nou het ons drie goed in plaas van twee; ons het planke, spykers en 'n kas. Later trek ons die spykers versigtig uit en sit dit langs die planke neer. Nou het ons weer slegs twee goed voor ons: planke en spykers. Wat het met die kas gebeur? Daar is geen kas nie, omdat dit die twee dinge saam nodig het om te bestaan.

Op dieselfde manier het God met twee dinge begin, die liggaam en die gees. Toe Hy dit saamgevoeg het, het dit die siel "geword" – dit het begin leef, dit het begin bestaan. Die wyse man sê vir ons dat, by die dood, die gees na God en die liggaam na stof terugkeer. En nêrens in die Bybel word daar vir ons gesê dat enige siel die liggaam oorleef of aanhou om sonder 'n liggaam te bestaan nie. Die siel, of die lewe, het geen bestaan sonder die krag van God wat in die liggaam woon nie. By die dood word daardie krag verwyder; dit keer terug na God; en die toestand van daardie mens is presies soos wat dit was voordat die asem by die liggaam gevoeg is. Dit beteken geen lewe, geen bewustheid en geen persoonlikheid nie.

Selfs na diere word daar in die Bybel as siele verwys, omdat hulle dieselfde krag van God het om hulle te laat lewe (Openbaring 16:3). Die wyse man het geskryf, "Want die lot

van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle het almal dieselfde asem, … Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug." (Prediker 3:19,20). Dit beteken natuurlik nie dat die mense en diere dieselfde uiteindelike einde het nie. Daar sal 'n opstanding en oordeel vir God se morele skepsels wees, maar lewe kom slegs van God af of dit nou menslik of dierlik is. In die Bybel word daar dikwels na daardie lewe verwys as die siel.

VIER

**Wanneer Word die Regverdiges Beloon?**

Met hierdie agtergrond is ons nou gereed om te kyk na wat in werklikheid gebeur met die persoon wat sterf. In Petrus se preek op Pinksterdag het hy hierdie stelling oor Dawid, wat al vir meer as 1,000 jaar dood was, gemaak: "Want Dawid het nie in die hemel opgevaar nie" (Handelinge 2:34). Dink nou vir 'n oomblik hieraan – Dawid het lank gelede reeds gesterf, en al het hy dikwels afgedwaal, het hy die versekering van vergifnis en verlossing ontvang. Waarom het hy dan nie alreeds die tien lang eeue na sy afsterwe die saligheid van die hemel geniet nie? Die vraag word in vers 29 beantwoord waar Petrus verduidelik, "Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe."

Die geïnspireerde Petrus het gesê dat Dawid in sy graf

was, en dat hy nog nie na die hemel opgevaar het nie. Hoe interessant! Indien die man na God se hart nog nie sy beloning 1,000 jaar na sy dood ontvang het nie, wat van al die ander goeie mense wat tot daardie tyd geleef en gesterf het? Hulle was ook in hulle grafte, wagtende op die roepstem van God met die opstanding.

Jesus het die mense van Sy dag verseker, "… want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges." (Lukas 14:14). Hy het ook gesê, "Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade." (Mattheus 16:27). Hier is daar geen dubbelsinnigheid nie. In eenvoudige, direkte taal het Jesus verklaar dat geeneen beloon sou word tot by die opstanding met Sy wederkoms nie. Dit beteken dat sover nog geen van die regverdige dooies hemel toe gegaan het nie. Almal wag in hulle grafte vir die oordeel en die einde van die wêreld. Van die laaste woorde in die Bybel bevestig hierdie feit. "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." (Openbaring 22:12). Hierdie laaste-dag beloning word verder in 1 Korinthiërs 15:53 deur Paulus beskryf, "… en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word." Wanneer gebeur dit? "In 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin." (vers 52).

Dit bevestig die beloning van die regverdiges sonder enige twyfel. Maar wat van die goddelose? Wanneer sal hulle

gestraf word vir hulle sondes? Die verbasende antwoord word in 2 Petrus 2:9 gevind, "Die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word." Daar is dit! Die goddelose word iewers bewaar tot die dag van oordeel aanbreek. Waar word hulle bewaar? Jesus antwoord die vraag, "Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." (Johannes 5:28,29).

Onse Here het dit breedvoerig duidelik gemaak dat almal in hulle grafte bewaar sal word totdat hulle in die opstanding uitgeroep sal word om óf die lewe óf die veroordeling te ontvang. Hierdie is nie slegs goeie teologie nie, maar is ook duidelik verstaanbaar. Vanselfsprekend kan niemand gestraf word tot nadat hulle geoordeel is nie. Regverdigheid vereis dat dit gedoen moet word. Selfs die onregverdigste aardse regter sal aangekla word indien hy die teenoorgestelde doen. Veronderstel dat 'n man voor 'n regter verskyn op 'n aanklag van diefstal en die regter het gesê, "Sluit hom vir tien jaar op en daarna sal ons na sy saak luister." Nee! Nee! Dit sou nooit kon gebeur nie! En sou die regter van die hele aarde die goddelose so behandel? Nooit! Die oordeel sou in so 'n geval 'n klug wees – dit sou niks beteken nie!

Die wonderlike boodskap van die Bybel is dat beide die

goeies en die slegtes in hulle grafte slaap tot die opstandingsdag. By daardie geleentheid sal hulle opgewek word om geoordeel te word, waarna straf en beloning uitgedeel sal word. Job het gesê, "So lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie. Ag, as U my maar in die doderyk wou wegsteek, my wou verberg totdat u toorn bedaar het, my 'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink! As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe! Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom; U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van u hande sou U verlang." (Job 14:12-15).

VYF

## Die Dood is 'n Slaap

In harmonie met die res van die Bybel, beskryf Job 'n periode van onbewuste slaap in die graf voordat hy opgewek sal word om sy beloning te ontvang. Dit stem ooreen met Daniël wat met hierdie woorde die koms van Christus beskryf het, "Maar in dié tyd sal jou volk gered word … En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." (Daniël 12:1,2).

Daar is 'n rede waarom so baie geïnspireerde skrywers van die dood praat as 'n slaap. Dit is 'n volmaakte beskrywing van die toestand van die dode. Wanneer 'n moeë man in die aand

gaan slaap, raak hy onmiddellik aan die slaap. Die volgende waarvan hy bewus is, is om deur die opkomende son opgewek te word. Hy is totaal onbewus van enigiets wat gebeur het terwyl hy geslaap het. So is dit met die slaap van die dood.

Lasarus het gesterf. Jesus het vir Sy dissipels gesê, "Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak. Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. En toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is dood." (Johannes 11:11-14).

Hier is 'n klassieke voorbeeld van die ware Bybelse leerstelling oor die dood. Christus het die dood 'n slaap genoem. Later het Hy by die graf van Sy vriend gestaan wat uit die rots gekap was en uitgeroep, "Lasarus, kom uit!" Hy het nie gesê, "Lasarus kom af" nie. Lasarus was nie in die hemel nie, en hy was ook nie iewers anders nie, behalwe tussen die mure van sy graf. In antwoord op die roep van Jesus, het hy uit sy slaap van die dood wakker geword en in die sonlig uitgestap.

Baie oordrewe verhale het al die rondte gedoen oor mense wat uit die dood teruggekom het, maar hierdie is die betroubaarste geskrewe verslag. Daar is absoluut geen twyfel dat Lasarus vir vier dae dood was nie. Sy susters het beswaar gemaak toe Jesus beveel het dat die klip voor die graf weggerol moes word. Martha het gesê, "… Here, hy ruik al." (Johannes 11:39).

Die meeste moderne verslae van pasiënte wat bygebring is na hartstilstande sluit dramatiese verslae in van glansryke tonele van die hemel. Wat het hierdie regverdige man te sê gehad oor sy vier dae van dood? Het hy vertel van goddelike gesigte van hemelse beloning? Nie 'n woord nie. Hy het geslaap, net soos wat Jesus aangedui het. Dit was soos 'n oomblik van vergetelheid.

Terloops, watter soort onuitspreeklike straf sou dit nie vir Lasarus gewees het indien hy na hierdie donker wêreld teruggebring sou word nadat hy in die teenwoordigheid van God was nie? Hy sou verseker gesoebat het om nie terug te kom nie indien hy in werklikheid die beloning van die regverdiges geniet het. 'n Hervatting van die aardse lewe sou erger as die afskuwelikheid van die hel gewees het in vergelyking met ses-en-negentig uur in die Paradys. Onse Here sou verseker nooit daaraan skuldig gewees het om Sy vriend Lasarus so 'n poets te bak nie.

Waarom is dit vir ons moeilik om die eenvoudige terminologie te verstaan wat Jesus gebruik het om die dood te beskryf? Ons het beslis geen probleem om die aard van slaap te verstaan nie. Veronderstel 'n man lê vas aan die slaap op 'n parkbankie. Hy slaap so vas dat hy heeltemal onbewus is van die slinkse nadering van 'n aanvaller. Die volgende oomblik lê hy dood in 'n poel bloed. Volgens die populêre siening van die dood is hierdie man wat van niks bewus was terwyl hy geslaap het nie, nou skielik bewus van alles terwyl sy siel sy liggaam

verlaat. Hoe kan dit waar wees? Jesus het gesê dat die dood 'n slaap is. Indien die man van niks bewus was terwyl hy geslaap het nie, hoe kan hy na sy dood van enigiets meer bewus wees? Christus se woorde sal geen betekenis hê indien ons dit so verdraai om te beteken wat ons graag wil glo.

Ons word nie in die duister gelaat om te wonder oor die aard van hierdie dood-slaap nie. Baie Bybelskrywers gee volledige beskrywings van hoe dit is. "Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan." (Psalm 146:3,4).

Uit al die verwarrende aspekte van die dood wat bespreek kan word, het die geïnspireerde skrywers dikwels gepraat oor die onbewuste toestand daarvan. Ons vind nie eenkeer enige van die opwindende beskrywings van die lewe na die dood wat so eie is aan die moderne weergawe van die leerstelling nie. Teologie het sy leerstelling direk uit die aangename vorms van heidense aanbidding aanvaar. Dawid het gesê, "Hy keer terug na sy aarde toe; in daardie dag is dit met sy planne gedaan."

Salomo het geskryf, "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie. …Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg

of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie." (Prediker 9:5,6,10).

Indien 'n persoon met voorbedagte rade probeer het om sterker woorde en uitdrukkings te gebruik om 'n totale droomlose slaap in die dood te ondersteun, sou hy nouliks hierdie woorde van die wyse man kon ewenaar. Veronderstel net vir 'n oomblik dat dieselfde kragtige stellings gemaak was om bewustheid na die dood te bevestig. Met ander woorde, veronderstel Salomo het gesê, "Hulle liefde, en hulle haat, en hulle afguns sal voortgaan … want daar is werk en kennis en wysheid in die doderyk waar jy heengaan." So 'n ondubbelsinnige stelling sou in werklikheid die einde van alle debat oor die onderwerp gewees het. Wie sou dit in twyfel kon trek?

Hier is egter die ongelooflike waarheid! Nie slegs bevat die Bybel nie so 'n stelling nie, maar dit verklaar herhaaldelik die teenoorgestelde! Mense gaan egter voort om te glo slegs wat hulle wil glo. Deur die verduidelikende tekse oor te slaan, wat deur talle geïnspireerde skrywers gegee word wat die waarheid oor die dood beskryf, volg menigtes blindelings die leë tradisies wat van ouers en predikante geleer is.

Weer lees ons, "Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal, sal op u trou nie hoop nie. Die lewende, die lewende, dié sal U loof, soos ek vandag;" (Jesaja 38:18,19). Sou die regverdige dode God nie geloof het as hulle by hulle dood na die hemel gegaan het nie?

Dawid herhaal dieselfde tydlose waarheid, "Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die Here nie loof nie;" (Psalm 115:17). "Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?" (Psalm 6:6).

SES

**Keer die Dooies Ooit Terug?**

Waarom weerstaan so baie die ooglopende betekenis van hierdie bybelse stellings? Sterk tradisionele vooroordele kan deel van die antwoord wees, maar daar is baie meer betrokke. Baie glo opreg dat hulle fisiese, ooggetuie bewys het dat die dooies *wel* terugkeer. Hulle het die getuienis van hulle eie sintuie dat hulle in werklikheid met geliefdes wat gesterf het, gekommunikeer het. Wat kan van hierdie verskynsels gesê word? Hulle kan die plek, die datum en uur voorsien wat hulle deur afgestorwe geliefdes of vriende gekonfronteer was in presies dieselfde gedaante as toe hulle geleef het.

Sal ons alle sodanige psigiese verskynsels as verstandelike afwykings van emosioneel, onstabiele individue, afmaak? Geensins. Die feit is dat gedaantes wel verskyn, en hulle is ontelbare kere bevestig. Op die grondslag van die onfeilbare Woord van God kan ons hulle egter kategories verwerp as die geeste van die dooies. Die dooies kan nie terugkeer nie; hulle het ook geen na-doodse bestaan in enige bewuste, lewende gedaante hoegenaamd nie.

Wie verskyn dan in hierdie liggaamlike gedaantes en maak

leuenagtige aansprake in die naam van die onskuldige dode? Wie anders as die vader van leuens wat sy eerste misleiding rondom die vraagstuk van die dood gebou het? Hy het God onbeskaamd weerspreek toe hy vir Eva gesê het, "Julle sal gewis NIE sterwe nie." Toe die dood wel gevolg het, het Satan probeer om die oorlewendes te laat glo dat dit slegs 'n illusie was. Deur diegene wat gesterf het na te boots, het Satan miljoene oortuig dat hy reg was en God verkeerd. Deur die getuienis van hulle oë en ore te aanvaar, eerder as die getuienis van die Bybel, het baie deskundiges geword om die geeste in séances op te roep.

Dikwels misbruik Satan die droefheid van diegene wat geliefdes verloor het en probeer om hulle in sy spiritualistiese strikke in te trek deur voor te gee om hulle eie spesiale geliefde te wees. Watter oorweldigende misleiding! Slegs diegene wat hulle verstande versterk het met die waarhede van die Bybel sal in staat wees om staande te bly teen hierdie soort aanvalle.

Laat my toe om 'n ongelooflike voorbeeld van Satan se manier van optrede met u te deel. 'n Dierbare vriend van my het vir baie jare as 'n sendeling in Afrika gedien. Terwyl hy en sy vrou op 'n afgesonderde sendingstasie gewoon het, het hulle driejarige dogtertjie van 'n noodlottige tropiese koors gesterf. Hulle het die dogtertjie op 'n heuwel regoor hulle huis begrawe. 'n Paar dae na die begrafnis het die moeder in haar kombuis gesit, toe die deur skielik oopgaan en haar klein

dogtertjie deur die kombuis gehardloop het tot in haar moeder se arms. Kan u uself so 'n traumatiese ondervinding voorstel? En om alles te kroon, het die klein dogtertjie uitgeroep, "Mammie, ek is nie dood nie! Ek is nie dood nie!"

Gelukkig het die moeder die Bybelse waarheid oor die dood geken, en God het haar die krag gegee om onmiddellik te bid vir verlossing van daardie Sataniese maskerade. Toe sy die naam van Jesus aangeroep het, het die gedaante verdwyn.

Is hierdie 'n uitsonderlike geval? Ongelukkig nie. Ondervindings soos hierdie word gereeld herhaal. Daar is sonder twyfel sommige bedrieërs wat hulle eie illusies skep, maar ons moet erken dat die prins van alle boosheid dikwels die verstande van mense manipuleer deur sy bonatuurlike deskundigheid met bedrog.

Dink vir 'n oomblik aan die implikasies hiervan! Miljoene het letterlik hulle lewens aan die beheer van duiwels onderwerp deur te glo dat hulle deur hulle geliefde familie geadviseer was. Kan u nie die geweldige ironie van die situasie insien nie? En kan u sien hoe maklik Satan selfs kan begin om die lewens te beheer van Christene wat nie die ware Bybelse leerstelling oor die dood verstaan nie? Die enigste beskerming vir enigeen is die Woord van God. Slegs omdat hulle 'n leuen geleer was oor die toestand van die dode, sal die meerderheid Katolieke en Protestante meegevoer word deur die finale bedrog van Sataniese krag.

SEWE

**Straf & Belonings met die Opstanding**

Dink daaraan hoe verwarrend dit sou wees indien belonings en straf nou toegepas sou word. Watter doel sou 'n opstanding dan dien? Waarom enigsins 'n opstanding hê? Klaarblyklik sou elke siel alreeds 'n bepaalde lotsbestemming gehad het, en die klug van 'n voorgee finale oordeel sou totaal sonder betekenis gewees het. Al die vroom versekerings wat by begrafnisse gehoor word oor geliefdes wat in die hemel is, is slegs herhalings van Satan se eerste leuen aan die menslike familie. Die uitbeelding van denkbeeldige, liggaamlose siele wat by die dood uit die liggaam wegvlieg, is nie 'n bron van troos vir die treurende familie nie. Paulus het die tyd wanneer die regverdige dode saam met die Here sal wees in 1 Thessalonicense 4:16-18, beskryf, en met hierdie woorde afgesluit, "Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."

Hier is 'n volmaakte, geïnspireerde prentjie van ware troos, en ons moet duidelik verstaan na watter woord Paulus hier verwys het wat sodanige troos sou bring. Die twee voorafgaande tekse gee vir ons die woorde, "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

Paulus beskryf hier sonder enige beperking die weg en manier waarop ons gaan om saam met die Here te wees. Moenie die woord "so" in sy stelling miskyk nie. Dit beteken "op hierdie manier." Deur daardie klein woordjie het Paulus enige ander manier om saam met die Here te wees, uitgesluit. Toe hy die wederkoms van Jesus en die opstanding van die heiliges beskryf het as die weg en manier waarop hulle by die Here sou wees, het hy outomaties alle ander maniere om dit te doen, uitgesluit. Daarna het hy ons vermaan om "mekaar met hierdie woorde te bemoedig."

Ek herhaal dat daar geen troos kan wees in die valse Christelike konsep dat een of ander onsigbare, ontasbare entiteit die liggaam by die dood verlaat om gestraf of beloon te word. Is dit gerusstellend om te glo dat ongeredde familie die foltering van ewigdurende vuur ondervind? Is daar vertroosting in die wete dat geliefdes uit die hemel neerkyk op die hartverskeurende omstandighede van diegene wat agter gebly het? Geen wonder dat Paulus so spesifiek was in die beskrywing van die wederkoms van Jesus en die opstanding as die enigste manier waarop enigiemand na die dood by die Here kan wees nie, en terloops, as die enigste manier om getroos te word met hulle afsterwe.

Paulus se grootse verklaring wys op die aangename feit dat die dood en die graf nie die einde is nie. Daar sal 'n ontwaking uit die slaap van die dood wees. Die regverdiges sal die gawe van onsterflikheid ontvang, maar dit sal alles gebeur

"In 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word." (1 Korinthiërs 15:52,53). Jesus het gesê, "Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." (Johannes 5:28,29).

Al die dode sal opstaan om die groot uitsprake van die oordeel in die gesig te staar. Of hulle nou 1,000 gelede gaan slaap het, of vyf minute voordat Jesus verskyn, dit sal alles voel soos slegs 'n deeltjie van 'n sekonde.

Sommige bevraagteken die wyse waarop Christus die gebroke, ontbinde liggame van al die dode deur die eeue, gaan herstel. Sommige is in ontploffings in stukkies geblaas, andere is deur vuur verbrand, en baie het in die dieptes van die see verdrink. Sal dit enige probleem vir die Skepper van lewe wees om elke siel op te wek en elke persoonlikheid te herstel? Gladnie. Hy wat weet hoeveel hare op ons hoof is en die voëls in die lug tel, sal geen probleem hê om die identiteit van elke individu te herstel nie.

Ons kan dalk nie die proses verstaan nie, maar ons kan dit in elk geval glo. Daar is baie dinge, soos televisie en rekenaars, wat vir die gemiddelde persoon wat daarby baat,

onverstaanbaar is, maar dit weerhou ons nie daarvan om daarin te glo nie. Indien die meeste van ons deur die ingewikkeldheid van eenvoudige elektronika verwar word, moet ons nie verwag om die geheime van die opstandingskrag te begryp nie. Ons kan nietemin algehele vertroue hê dat God al die dode kan en wil opwek.

AGT

**Die Dief aan die Kruis**

Laat ons nou een van die grootste besware ondersoek wat teen die Bybelse leerstelling van die dood en die siel geopper word. Daar is 'n paar dubbelsinnige tekse wat slegs verstaan kan word indien dit in die lig van al die ander tekse oor die onderwerp beskou word. Een voorbeeld hiervan word gevind in die ondervinding van die dief aan die kruis. Met die eerste oogopslag lyk dit asof Jesus vir die sterwende krimineel gesê het dat hy op daardie selfde dag toe hy gesterf het, hemel toe sou gaan.

In die verband het die dief in die laaste oomblikke van sy lewe vir Jesus gevra, "Dink aan my, Here, wanneer U in u u koninkryk kom. En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." (Lukas 23:42,43).

Weerspreek hierdie al die ander tekse wat ons oor hierdie onderwerp gelees het? Dit klink beslis asof Jesus en die dief daardie selfde dag na die teenwoordigheid van God sou gaan.

Kom ons laat toe dat ander tekse die raaisel opklaar. Drie dae nadat hy met die belydende dief gepraat het, het Jesus vir Maria naby die oop graf ontmoet. Toe sy voor Sy voete neergeval het om Hom te aanbid, het Jesus gesê, "Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God." (Johannes 20:17).

Hierdie stelling van Jesus bring ons by 'n verwarrende raaisel. Indien Hy nog nie hemel toe gegaan het nie, hoe kon Hy die dief drie dae vantevore verseker het dat hulle saam daarheen sou gaan op daardie selfde dag? Let asseblief ook daarop dat die Paradys en die Vader se troon op dieselfde plek is. Johannes het gesê dat die boom van die lewe "binne-in die paradys van God" is. (Openbaring 2:7). In Openbaring 22:2 verduidelik hy dan dat die boom weerskante van die rivier van die lewe is, wat op sy beurt, uit die troon van God stroom. Hierdie plaas beslis God se teenwoordigheid in die Paradys. Dit is duidelik dat indien Jesus nog nie na Sy Vader gegaan het teen die tyd toe Hy opgewek was nie, Hy nie op die dag toe Hy drie dae vantevore gesterf het, kon opgevaar het nie.

Hierdie raaisel word vinnig opgeklaar wanneer ons die verband van Lukas 23:43 oorweeg. Ons moet daarvan bewus wees dat die oorspronklike manuskrip van die Bybel aanmekaar geskryf was. Daar was geen skeiding van woorde, sinne, versies of hoofstukke nie. In 1611 toe die *King James Weergawe* vertaal was, het geleerdes die woorde geskei,

punktuasie ingevoeg, en die manuskrip in versies en hoofstukke verdeel. Hierdie mense was nie geïnspireer nie al het hulle oor die algemeen 'n geweldige werk gedoen in die opdrag wat aan hulle gegee was. Noodwendig moes hulle dikwels kommas invoeg om betekenis aan die vertaalde woorde te gee. In Lukas 23:43 het hulle 'n komma voor die woord "vandag" ingevoeg, wat dit maak dat Jesus sê, "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees."

In hierdie geval moes die komma na die woord "vandag" ingevoeg gewees het, in plaas van daarvoor. Dan sou die sin gelees het, "Voorwaar Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees." Dit sou die verslag in volmaakte harmonie gebring het met die res van die Bybel.

Met ander woorde, Jesus het vir die dief gesê, "Ek kan jou vandag die versekering gee – toe dit lyk asof ek niemand kan red nie, toe my eie dissipels my verlaat het en Ek as 'n veroordeelde misdadiger gesterf het – Ek gee jou vandag die versekering dat jy saam met my in die Paradys sal wees."

Is dit 'n knoeiery met die heilige verslag? Nee. Die vertalers was nie meer goddelik geïnspireer as ons nie. Om die komma na die woord "vandag" te plaas, is net so waar soos die oorspronklike teks as om dit voor die woord te plaas. Die enigste verskil is dat die een manier dit in volle harmonie bring met die res van die Skrif en die ander bring dit hopeloos in teenstelling. Dit verg nie bonatuurlike insig om te besluit watter plek die regte een vir die komma is nie.

Hou in gedagte dat die dief slegs gevra het om onthou te word wanneer Jesus in Sy koninkryk sou kom. Hy het nie vir enige beloning op daardie dag van sy naderende dood gevra nie. Op dieselfde trant, vind ons die groot apostel aan die Heidene toe hy gewag het op sy aflegging van hierdie lewe, "Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. VERDER is vir my WEGGELÊ die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie vir my alleen nie, maar ook aan almal wat SY VERSKYNING liefgehad het." (2 Timotheus 4:6-8).

Net soos wat die ontvanklike dief en die gesalfde Paulus beide hulle hoop van ewige beloning op die koms van Christus se koninkryk gevestig het, mag ons ook in daardie dag onthou word.